CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

Net voor die droogte my breek...
Artikel in die September uitgawe van SARIE Tydskrif

Daar is ’n swaarkry in ons land waarvan min die werklike omvang verstaan... veral die wat knus deur die gerief van dienste in stede omvou word. Maar, reis jy net ’n paar uur in amper enige rigting van hierdie stede waar water in jou naaste kraan is en jou middagete gerieflik op die naaste winkelrak wag, is dit soos ’n ander wêreld... die verwoestende droogte wat mens en dier op hulle knieë het, stukkend, gebreek, letterlik sterwend, onmenslike verhale van verliese, sterwende diere, boere wat opgee, oppak, oorgee aan die loop van ’n vuurwapen, die lus van ’n tou…

Maar, hier vind jy ook verhale van hoop... mense wat in ’n gebroke wêreld opnuut uitreik na mekaar, konvooie voer wat aangery word van dele wat wel goeie reëns gehad het, iemand wat R10 afknyp om ’n droogtehulpfonds te ondersteun, want vele tien rande maak dat daar brandstof is vir ’n vragmotor om ’n vrag geskenkte voer weg te neem. Verhale van droogte binne dié droogte... van siektes en seer en vashou aan Hoop ver bo menseverstand.

Dit is hierdie verhale wat Anoeschka gaan haal het op haar reis van Calvinia, op na Gamoep, tot amper by die Botswanagrens oor Vanderbijlpark, Bultfontein om na Jansenville en Aberdeen en dan oorvertel word in ***Net voor die droogte my breek***. Hierdie hoopstories wat aan ander mense wat hulself in ’n ‘droogte’ bevind, ook hoop sal bring.

Een goeie “reënval” breek nie die droogte nie… dit is ’n daaglikse stryd van veg, val, opstaan.

In SARIE se September-uitgawe gesels Marguerite van Wyk met die skrywer van die boek, *Net voor die droogte my breek*, Anoeschka von Meck en van die boere wat Anoeschka besoek het tydens haar 12 500km reise, om aangrypende stories in ’n tyd van droogte neer te pen.

Net voor die droogte my breek, word later vanjaar bekend gestel. Besoek CLF se webtuiste vir fotos en oudio-boodskap van boere en volg ons op sosiale media tot die oploop van die bekendstelling - https://clf.co.za/op-reis-na-stories-van-hoop/